

Skriflesing: Jeremia 29: 1-14

Voor ons lees, eers 'n bietjie agtergrond: die volk van die Here bly sondig teen Hom in die tyd van Jeremia. Die Here waarsku hulle, maar hulle luister nie. Nou straf die Here hulle.

'n Groot deel van Juda is weggevoer in Ballingskap na Babel deur koning Nebukadneser.

En natuurlik is hulle baie ontevrede oor hulle lot. Alles wat hulle geken het, is van hulle weggeneem. En hulle is bitter ontsteld dat God hulle so teleurgestel het. God het dan belowe hulle gaan in die beloofde land bly!

'n Vals profeet met die naam Ganaja (Jer 28) vertel vir hulle dat hulle oor 2 jaar bevry gaan word. Dit is goeie nuus, hulle gaan gou huistoe!

Maar toe kom daar 'n ander profeet, Jeremia. Hy vertel vir hulle dat dit nie so gaan werk nie. Dit is nie God se plan met hulle nie.

Hy skryf aan hulle die brief van Jer 29...en hierdie keer luister die volk. Hulle luister want hulle is moeg en moedeloos en werklik raadop. Hulle is ongemaklik en vreemd, kwaad en bang. Alles wat hulle geken het, is van hulle weggeneem en hulle weet werklik nie wat om nou te doen nie. Hulle sit op 'n plek waar hulle nie wil wees nie – al verdien hulle om daar te wees.

Ons kan ons vereenselwig met die volk in die tyd van Jeremia 29. Van ons is moeg en moedeloos. Ons is raadop en bang, ongemaklik en vreemd. Dalk is jy ook nou op 'n plek in jou lewe waar jy nie wil wees nie. Jy is onseker oor 'n nuwe jaar wat voorlê. Ons voel soms soos vreemdelinge in ons eie land. Christene is in elk geval vreemdelinge in hierdie wêreld. (1 Pet 2:11)

In hierdie brief van God sê Hy deur die profeet Jeremia vir sy volk en as jy mooi luister, ook vir ons, hoe om die situasie te hanteer.

Ons lees God se brief vir 2014 aan elkeen van ons: Jer 29:1-14

1. Blom waar jy geplant is

“Bou vir julle huise en bewoon dit, lê tuine aan en eet die opbrengs daarvan, trou en bring kinders in die wêreld, en laat hulle trou en kinders in die wêreld bring. Julle moet daar in Babel baie word, nie min nie.” (Jer 29:5-6)

Wat God hier sê is dat die Jode moet vrede maak en rus vind met waar hulle hulself bevind.

Ons dink so baie: geluk sal iewers anders gevind word... op 'n ander plek... 'n ander werk... 'n ander verhouding... 'n ander huis..."

As ons méer gehad het, sal ons tevrede wees...meer geld, meer sekuriteit, meer gesondheid, meer plesier...

Of as ons klaar is met skool, klaar geleer is of as ons net eers begin werk het...

Jy is vandag hier omdat God nou met jou 'n plan het. Eerder as om te sit en verlang na 'n beter plek, bring nou jou kant. Dien hier die Here. Maak hier 'n verskil in sy Naam. Geniet die lewe. Lewe voluit, jy het net een lewe. Jy het net vandag.

Waar jy ookal is, werk saam met God aan sy hemelse werk op aarde. Gaan wees waar jy is God se fontein van liefde.

Nog raad wat God ons wil leer oor hoe om die moeilike omstandighede te oorwin is:

2. Bid

Luister mooi wat gesê word in **Jer 29:7** "Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, **bid tot My** vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange."

Toe die Jode dit hoor, is ek seker hulle het gedink: nou praat Jeremia mos deur sy neus. Hoe kan God DIT van ons verwag? Hoekom sal ons die belange van die vyand wil bevorder? Hoe kan ons bid vir die stad wat ons gevange geneem het? Hulle is die vyande van God!

God kán ons vra om vir ons vyande te bid, om vir daardie mense te bid wat ons op plekke en posisies sit waar ons nie wil wees nie, want...

1. Hy is God en Hy is lief vir ALLE mense – ook vir hulle vir wie ons nie so liefhet nie
2. in hulle vrede, sal julle vrede hê.
3. as ons bid – Luister Hy

"Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra." (**Jer 29:12-13**)

Die volgende raad wat God gee is:

4. Bly (biddend) besig met die Bybel

Die Here waarsku vir ons in **Jer 29:8-9**: "So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Moenie dat die profete en waarsêers daar by julle julle mislei nie. Moenie ag slaan op daardie

drome wat julle so graag droom nie. Daardie mense tree sonder opdrag op as profete in my Naam. Ek het hulle nie gestuur nie, sê die Here.”

Daar is vandag steeds vals profete. Mense wie se beloftes so belowend klink. Byvoorbeeld:

- sommige mense sê dat as jy naby genoeg aan God leef, sal jy mooi huise en duur motors hê.
- Jy sal baie geld hê en altyd gesond wees.
- Sonde is nie so erg nie. Daarom kan jy maar aanjaag en doen wat jy wil sonder om skuldig te voel.
- Sommiges sê alle paaie ly na dieselfde God – alle gelowe is dieselfde. Jesus is nie die enigste Weg, Waarheid en Lewe nie.

Ons kan 'n baie lang lys maak – punt is: ons mag nie toelaat dat ons deur slegte raad en vals profete mislei word nie. Bly besig met die Bybel. Toets alle uitsprake aan die Bybel.

Bou jou lewe op die ewige Waarheid van God. Dit is ons GPS vir die lewe.

Die laaste ding wat ons moet onthou as ons moedeloos of onseker is of op plekke en situasies beland waar ons nie wil wees nie is:

4. Maak nie saak wat gebeur nie – maak nie saak hoe moeilik die lewe mag word nie, maak nie saak hoe onbeheerbaar of onverstaanbaar dinge mag lyk nie – God is sterker as alles en almal. HY IS ALTYD IN BEHEER!

Luister weer wat belowe word in **Jer 29:10-11**: “So sê die Here: Oor presies sewentig jaar sal Ek Babel straf en julle onder My sorg neem en dan sal Ek my belofte nakom om julle hier na Jerusalem toe terug te bring. Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!”

Ek is seker die Jode het gedink: WAT! Moet ons nog 70 jaar hier bly!? Die meeste van ons sal nie eers meer lewe nie! Hoe kan dit God se plan wees? As ons egter na die OT kyk, sal ons sien dat God groot dinge laat gebeur het in daardie 70 jaar. Kom ek noem net paar

Eerstens: Die Jode het beter geleeft as hul mede landgenote wat nie Babel toe gestuur is nie.

Tweedens: Omdat die Jode in vrede kon leef onder Nebukadneser en Daniel, het hulle tyd gehad om van die wonderlikste boeke van die OT te skryf. Konings, Kronieke, Jeremia, Esegel, Daniel en van die Psalms is waarskynlik in hierdie 70 jaar tydperk geskryf of die verhale in die boeke het in hierdie tyd afgespeel.

Derdens: Dit is die tyd van Daniël en sy 3 vriende in onderskeidelik die vuuroond en die leeukuil. Hoor die belydenis van koning Nebukadneser nadat Daniel se 3 vriende uit die vuuroond gered is in **Dan 4:37**: “**Ek, Nebukadnesar, prys en eer en loof die Koning van**

die hemel. Alles wat Hy doen, is reg, sy optrede is regverdig. Hy het die mag om hoogmoediges te verneder.” Nebukadneser het God leer ken omdat die Jode in Babel was.

En **vierdens** en dit is die belangrikste: die Jode het agtergekom dat hulle inderdaad nodig het om terug te keer na God. Die 70 jaar tydperk het hulle die geleentheid gegee om vergifnis te vra vir al hul foute van die verlede en om met hulle hele lewe terug te keer na die Here.

Dit is baie duidelik dat hul ballingskap nie 'n doel op sigself was nie, maar God se middel tot 'n doel in sy volk se lewens.

As ons terugkyk, sien ons dat God die hele tyd, veral in ballingskap besig was om in hulle lewens te werk. Al kon die volk dit nie sien of verstaan nie, het God al begin om hulle deur hul ballingskap, voorspoedig te maak.

God se voorspoed, toekoms en verwagting is baiekeer anders as wat wêreld daaroor dink:

Hy kan materiele rykdom gee, maar Hy sal geestelike rykdom gee aan hulle wat hul lewens aan Hom oorgee.

Hy kan liggaamlike gesondheid gee, maar hy sal geestelike gesondheid gee as ons toelaat dat die Heilige Gees ons lewens vervul.

Hy kan tydelike, aardse voorspoed gee, maar Hy is baie meer opgewonde oor ewige voorspoed in sy kinders se lewens.

'n Onseker jaar lê voor ons, hoe gaan ons hierdie nuwe uitdaging hanteer? Kom ons lees God se brief en ons volg sy raad.

Amen